

## **Buitengewone Sinode op 26 November 2014 in Port Elizabeth**

Hier is die amptelike kennisgewing oor Buitengewone Sinode 2014:

Ontvang hiermee amptelik kennis van 'n buitengewone sinodale vergadering van die NG Kerk in Oos-Kaapland, wat DV gehou sal word op Woensdag, 26 November 2014, in Port Elizabeth.

Sakelys: Kerkorde Artikel 1

Die primêre saak op die sakelys is die Algemene Sinode se voorstel dat 'n gewysigde Artikel 1 in die kerkorde ingesluit word. Aangesien dit die belydenisbasis van die NG Kerk raak, moet 'n tweederdemeerderheid goedkeuring vir die voorstel verkry word, wat as volg lui:

Kerkorde Artikel 1

1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.

2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in

2.1.1 die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en

2.1.2 die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.

3 Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.

Hierdie aanbeveling is by Algemene Sinode 2013 as konsensusvoorstel aanvaar. Dit skep na beide kante ruimte: vir diegene wat Belhar as belydenisskrif wil aanvaar, en vir diegene wat dit nie wil doen nie (soos tans reeds die geval is by die legitimasie van proponente). Die voorstel wil eenheid dien en verdeeldheid en skeuring voorkom. Die bedoeling is nie om enige lidmaat, ampsdraer of kerkvergadering tot 'n bepaalde standpunt oor Belhar dwing nie.

Daar sal ook 'n ander saak of twee op die agenda wees, waarvan die Sinodale Kommissie vooraf formeel kennis sal gee. Aangesien die vergadering binne 'n dag afgehandel word, sal die sakelys nie oorlaai word nie.

Die sakelys, finale koste per afgevaardigde en ander reëlings sal later aan u deurgegee word.

Gemeentes se begroting vir 2014-15

Maak asb. op u gemeente se begroting voorsiening vir 'n bedrag vir die koste per afgevaardigde. As breë riglyn (wanneer afgevaardigdes se reiskoste, etes, verblyf vir persone van ver, drukkoste, posgeld en ander uitgawes verreken is) hoop ek R850 per afgevaardigde sal voldoende wees. Reiskoste sal meer as 50% van die koste uitmaak. Wees verseker dat ons die uitgawes so laag moontlik wil hou.

Proses vooraf

Hierdie buitengewone sinode sal voorafgegaan word deur gesprek en stemming in gemeentes oor die wysiging van Artikel 1. Die buitelyne van die proses word beskryf in Artikel 44.1 en Reglement 24, Kerkordeboek 2013.

Gedetailleerde inligting oor die proses in gemeentes sal binne die volgende paar maande bekendgemaak word. Ons beplan ook om ringsbyeenkomste regdeur die streek te hou om die inligting oor die proses in gemeentes te deel. Dit sal rondom April 2014 gebeur.

---

Die Sinodale Regskommissie het vanaf 1 Junie 2013 'n digitale weergawe van die NG Kerkorde Oos Kaapland beskikbaar gestel wat nou beskikbaar is op ons webwerf, nl. [Kerkorde NGKOK](#)

Ek nooi almal hartlik uit om die webwerf te besoek en juiself te verwittig van die inhoud van die NG Kerkorde Oos Kaapland. Die moderne tye waarin ons leef maak die beskikbaarheid van inligting so belangrik vir besluitneming asook die uitbreiding van ons algemene kennis, en vir die rede is dit n voorreg om wel die Kerkorde beskikbaar te stel aan elke lidmaat sodat hy/sy in sy eie privaatheid en tyd daardeur kan gaan sonder enige uitgawes om n hardeband weergawe aan te skaf.

#### INLEIDING

Die Sinode sou kon volstaan met die Kerkorde as die riglyn vir hoe in die Kerk gehandel moet word. Uit die praktyk blyk dit egter te vaag te wees vir talle konkrete situasies wat in die gemeentes, ringe en by die Sinode ontstaan. Daarom word daar bepalinge en reglemente opgestel sodat die beginsels van die Kerkorde meer praktiese waarde verkry.

Die volgende artikels kan gerus opgelet word:

#### Artikel 3

3.1 Christus verrig al die dienswerk in sy kerk en koninkryk deur sy Woord en Gees. Hy doen dit ondermeer deur gebruik te maak van:

3.1.1 die dienswerk van die drie besondere ampte in die kerk, te wete:

die van bedienaar van die Woord

die van ouderling,

die van diaken,

om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in die kerk en die wêreld; en

3.1.2 die dienswerk van al die gelowiges

3.2 Die drie besondere ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei. By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van sy kerk is.

#### Artikel 13

Die gemeente of kerkverband in wie se diens 'n bedienaar van die Woord staan, sien om na sy geestelike, emosionele en fisieke behoeftes, is medeverantwoordelik vir sy bedieningsontwikkeling en is verantwoordelik vir sy lewensonderhoud soos ooreengekom.

Lees gerus Artikel 15, 16 en 17 op bladsy 28 - 34 wat die Kerkorde stipuleer oor die verkiesing van kerkraadslede soos ouderlinge en diakens en die prosedures wat gevolg moet word, asook waarop die bediening van n kerkraadslid moet geskied.

#### Artikel 28

28.1 Die kerkraad vergader minstens vier keer per jaar.

28.2 Die kerkraad kies jaarliks 'n voorsitter uit die bedienaar(s) van die Woord en ouderlinge.

Artikel 50 op bladsy 69 handel oor jeugbediening waar die kerkorde baie sterk standpunt inneem oor die kerk se verantwoordelikheid vir jeugbediening. Die jeug as wesenlike deel van die gemeente is die verantwoordelikheid van die Kerk en hierdie verantwoordelikheid is onvervreembaar en onoordraagbaar.

God wil he jy moet suksesvol wees op alle terreine van jou lewe! Die goeienuus is dat dit moontlik is met sy teenwoordigheid in jou lewe. Sy genade kan vir jou deure oopmaak na nuwe geleenthede en jou op die regte oomblik plaas om sy seeninge te ontvang.

### 1. Verklaring van die vier kerke van die NG Kerkfamilie

Die moderature van die NG Kerk, VGKSA, NGKA en RCA het op 20 Junie 2013 in Kemptonpark vergader om te besin oor die eenheidspad van die vier kerke, sien aangehegde artikel [4 Moderamens](#)

### 2. Armoede moet omsigtig aangespreek word

Armoede is 'n komplekse saak. Christene moet versigtig wees om die oplossings daarvoor nie op simplistiese maniere te benader nie. Mens kan sê, aldus Christianity Today

### 3. Reusesprong vir Boesmangemeentes

Toe die agt Boesman-kandidate op Sondag 30 Junie 2013 tydens die oggend erediens op Grootfontein toegelaat is tot die bediening, het dit die kroon gespan op jare se werk en droom!

Vir meer as twee dekades reeds het dit duidelik geword dat die bediening aan die Boesmans beter sal tuis kom indien die voorgangers self Boesmans kan wees.

"Toe ek begin het as gemeente-predikant in Tsumkwe was dit my droom dat die ouens hulle bediening self kan hanteer," vertel Hendrik van Zyl. Hy is reeds sedert 1998 predikant daar. "Van toe af al is met opleiding begin en het die Here die pad al groter oopgemaak," sê Hendrik. "Hy het my uiteindelik oortuig om die mense te vertrou dat hulle wel dit sal kan doen."

Ds Herman Oosthuizen het vir die tien laaste jaar van sy bediening onder die Boesmans gewerk voor hy in 2010 afgetree het. "Ten spyte daarvan dat mens die droom gedeel het dat hierdie mense hulle eie mense sal kan bedien, was die vraag: wanneer?" sê Herman. Dat hy self dit nog kan beleef is vir hom 'n groot genade. "Hulle kan hulle eie mense, in hul eie taal, met hul eie belewenisse en eie emosionele verstaan van die Woord begelei, wat ons nie altyd reg kon interpreteer nie."

Nog iemand wat reeds afgetree is maar wie se pad oor 21 jaar saam met hierdie bediening kom, is ds Gert Olivier. Hy was voorheen predikant van Oostersee, een van die Boesmanbediening se vennootgemeentes in die Kaap. "Hierdie is een van grootste oomblikke van my bediening," juig Gert. Hy was daar in 1992 toe ds Jaco Rossouw bevestig is op Luhebu-Noord en was veral by kinder-evangelisasie betrokke. "Dis vir my die kersie op koek dat Jafet, wat in Omatako dien, vandag gelegitimeer is," sê Gert. "Ek het voorreg gehad om in 1996 betrokke te wees by sy aanneem van die Here en het hom sien groei in statuur en werklike man van die Here." G'n wonder nie dat Gert sommer aangedaan raak wanneer hy oor hierdie dinge gesels!

Die Namibiese Kuratorium het die nodige onderhandelinge met beide die Algemene Kuratorium en die Algemene Sinode se Taakspan vir Regte gevoer om die legitimasie moontlik te maak.

Die agt proponente is toegelaat met 'n gekwalifiseerde legitimasie as gemeentebegeleiers in Boesman-gemeentes. Hulle het oor vyf jaar 'n sertifikaat-kursus voltooi wat by die Universiteit van Pretoria geakkrediteer is. Vakke sluit in prediking, jeugwerk, gemeentebou en eksegese.

\*Feldmuis wonder of die 9 predikante en 8 proponente wat Sondagoggend in Grootfontein se erediens teenwoordig was nie dalk 'n rekord is wat nooit gebreek sal word nie?

*(Met dank oorgeneem uit 3 Julie se Feldmuis, Namibië se sinodale nuusbrieff)*